

***Lantana camara*    *Lantana*    gewone lantana    Christmas berry**



Lantana is 'n maklik herkenbare, algemene onkruid, met aantrekklike, veelkleurige klein trossies blommetjies wat op lang stele gedra word. Blare is grof-tot-fyn getand en die klein ronde vruggies verander van groen na pers in die winter wanneer dit ryp is. Foto van die vrugte – vergunning van Lin Besaans(2011)

**Beskrywing:** 'n Kruipe uitheimse indringerstruik wat tot 3m hoog word. Takke en stingels oortrek met krom dorings. Blare is aromaties, donkergroen aan die bokant en ligter aan die onderkant, harig en grof; aantrekklike pienk, rooi, oranje, wit en pers blommetjies word regdeur die jaar gedra; ryp swart vruggies gesog deur voëls.

**Oorsprong:** Sentraal- en Suid-Amerika; in die 17<sup>e</sup> eeu aan Europa bekendgeword as sierplant; word wydverspreid aangeplant en gehibridiseer. Ingevoer in Kaapstad in 1858 en Durban in 1883, vanwaar dit vinnig versprei het, hoofsaaklik langs kusgebiede, maar ook langs die Mpumalanga Drakensberg en uitgebrei het na Gauteng.

**Verspreiding:** Lantana kom in tuine, langs ou plaasopstalle, verwerkbare lande en langs paaie voor.

**Waarom 'n probleemplant?** Die plant is hoogs hoogs giftig vir beeste – wat lei tot fotosensitasie en dood; die teenwoordigheid daarvan het 'n negatiewe materiële impak op biodiversiteit en verlaag die markwaarde van grond. Dit vorm digte, onpenetreerbare bosse, vervang inheemse plante en help erosie aan. Dit is reeds in 1954 verklaar as 'n skadelike onkruid regdeur Suid-Afrika; vandag is dit 'n Kategorie 1 Verklaarde Onkruid, die voorkoms daarvan is verbode.

**NB:** Dit is belangrik om *Lantana camara* te onderskei van die inheemse *Lantana rugosa* (ook bekend as Bird's Brandy, Voëlbrandewyn of Wildesalie). Laasgenoemde, se voorkoms kom redelik ooreen met die uitheimse onkruid, maar is 'n regop, smaller struik tot 2m hoog, met heelwat kleiner blare en blomme. Blomme is 6-12 mm lank, trompetvormig, pienk of pers (nooit wit of oranje), gedra in klein trossies op die punte van stele. Vrugte vorm digte bossies gedra op die punte van stele; rond, vlesig en pers wanneer dit ryp is. *L. rugosa* is *nie* 'n uitheimse indringer *nie*; word wydverspreid gebruik in tradisionele medisyne en moet bewaar word.

**Uitroei- / Beheermetodes:** Lantana is baie moeilik om uit te roei of te beheer. Nadat dit afgekap of verbrand is, mag dit voorkom asof dit dood is, maar die sade kan steeds ontkiem en groei, stompe herlewe, meer sade produseer en die investasie kan digter en meer wydverspreid voorkom. Die enigste manier om dit volkome uit te roei, is deur 'n strawwe kombinasie van fisiese en chemiese behandeling met gereelde opvolgtoediening. Biologiese agente kan materieel bydra tot die beheer van die plant. 'n Effektiewe beheermetode is om digte bosse af te kap en dan die stompe en hergroei met onkruidododer te verf, veral in die somer tot herfs. Klein plantjies kan gedurigdeur verwyder word soos dit ontkiem.

Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap

Onkruidodders moet onmiddelik toegedien word na bosafkapping. Verskeie onkruidodders is vir die beheer van lantana geregistreer, meeste daarvan gebaseer op glifosaat as aktiewe bestanddeel vir blaar- en stomptoedienings sowel as die *gehele plant*, en tebuthiuron (maar sien onderstaande) vir grondbehandeling.

- Alle blaaronkruidodders benodig die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel; gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word;
- Alle onkruidodders moet gebruik word nadat dit vars gemeng is (moenie oornag laat staan nie).
- **NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.** Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of wilde of mak diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Act No. 36 van 1947).

Geregistreeerde Onkruidodders sluit in:

- **Chopper** (L3444) en **Hatchet** (L7409) (*imazapyr 100g/L*): oplossings, vir blaar-en stomptoediening.
- **Plenum 160ME** (L7702) (*fluoroxypyr/picloram, 80/80 g/L*): 'n emulsie, vir stompbehandeling.
- **Access 240 SL** (L4920) en **Browser** (L7357) (*picloram 240 g/L*): oplossings, vir stomptoediening.
- **Roundup Max** (L6790) (*glifosaat (ammonium) 680g suur ekwivalent/kg*): wateroplosbare granules, vir blaartoediening.
- **Bounty** (L7268); **Buggle 360** (L6086); **Bush Pig** (L7430); **Erase** (L6206); **Glyphogan** (L5393); **Glyphosate 360** (L4732, L4767, L4756); **Senator Xtra** (L6884); **Strip** (L6752); **Sunup** (L4687); **Zeta-Gly** (L6881) (almal *glifosaat (isopropylamien) 360g suur ekwivalent / L*); oplossings, vir blaartoediening.
- **Roundup Turbo** (L7166) (*glifosaat (isopropylamien) 450 g suur ekwivalent/L*): oplossing vir blaartoediening.
- **Mamba Max** (L7714) (*glifosaat (isopropylamien) 480 g suur ekwivalent/L*): oplossing, vir blaartoediening.
- **Touchdown Forte Hi Tech** (L7305) (*glifosaat (kalium) 500g suur ekwivalent / L*): oplossing, vir blaartoediening.
- **Kilo WSG** (L7431) (*glifosaat (natrium) 500g suur ekwivalent / L*): wateroplosbare granules, vir blaartoediening.
- **Molopo 200 GG** (L6111) (*tebuthiuron 200 g/kg*): makro granules, vir grondtoediening.

**NB (1):** *picloram*-gebaseerde onkruidodders kan redelik veilig toegedien word op gesnyde stompe, maar moet nie as blaarbehandeling toegedien word nie, omdat dit die omliggende plantegroei ook kan uitroei. Gebruik eerder glifosaat-gebaseerde onkruidodders vir blaarbehandelings van die hele plant, alhoewel hul ook tydelik al die omliggende groen plantegroei gaan "doodmaak". **NB (2):** *Tebuthiuron* is 'n grondsterilant en kan omliggende houtagtige plantegroei vir baie jare na toediening beskadig. Dit mag slegs gebruik word onder die toesig van 'n onkruidodderspesialis.

### Bronnelys:

ARC-LNR Weeds & Invasive Plants website: [www.agis.agric.za/wip](http://www.agis.agric.za/wip)

ARC-LNR SAPIA News 16 (July 2010): ARC – Plant Protection Research Institute, Pretoria. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Besaans, Lin (2011): *Lantana camara*. ARC-PPRI Fact Sheets on Invasive Alien Plants and their control in South Africa. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds & Invasive Plants*. Agricultural Research Council (ARC), Pretoria.

Schmidt, Ernst, Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2<sup>nd</sup> Edition). Jacana, Johannesburg

Van Zyl, Kathy (compiler) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy (compiler) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand ([info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za))

Spesiale dank aan **Dr Gerhard Verdoorn** van Griffon Poison Information Centre, aan **Mr Ferdie Jordaan** van Arysta Lifescience en aan **Ms Lesley Henderson** van ARC vir hul waardevolle raad en leiding. Hul entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.

**Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap**